

The approach to these baskets in no wise debarred to the public, so that if you have slipped in a letter by mistake you may go and help yourself for all the authorities will say.

## LOFT

A ladder leads to the loft where repose in dust the "great unclaimed", and that they are great is shown by the fact that several boards in the ceiling are starting, and threatening to split.

To the left of the boxes is the Poste Restante, where exemplary courtesy is shown; still further is the money order and parcels, depot, where a collection of unclaimed photos of beauties are nailed to the panel.

The end of the building is devoted to the telegraph and telephone. The Landdrost's Courts are roomy, neat buildings, and are considered to be worthy of the capital."



7 The north-west facade of Church Square in 1899. The buildings left to right are : the old Post Office of 1887, the old National Bank and the National Bank Chambers Building erected in 1899. The Palace of Justice can be seen on the extreme right.

By around 1905 the Post Office had reached such a stage that the entire cornice had to be removed. Thus it is that later photographs show the clock and rounded gable replaced by a simple triangular gable. The old building had served its purpose and was proving to be too small and dilapidated so a new Grand Post Office was planned. The architect was William Hawke who had also designed the Johannesburg City Hall.

Again during demolition and building, temporary premises had to be found and the Post Office, public section moved into the old Mint Building with entrance via Harknesses Yard which was just off the square in the North West corner. This new Post Office which is the one standing today had its foundation stone laid by the Earl of Selbourne, Governor of the Transvaal on 2 March 1910. The builder was W. Nottingham.

And so it is today that the Post Office on Church Square occupies the entire north-west section of Church Square on land where on and off since 1855 it has continued to function. Despite what decisions are made about the cluster of Post Office buildings existing on the north-west of Church Square, it is nevertheless pretty certain that come what may the Post Office will continue to operate on this site into the distant future.

# BRITSE KRYGSGEVANGENES TE PRETORIA (1899–1900) MILITÊRE HOSPITALE

(deur Jan Ploeger)

Tydens die eerste maande van die Tweede Vryheidsoorlog het 'n aantal Britse krygsgevangenes hul verskyning op Pretoria gemaak. Hulle is onderskeidelik na die Staatsmodelskool (offisiere) en die Pretoriase renbaan (Kerkstraat-Wes) oorgebring, terwyl latere kontingente op Waterval, noord van die Transvaalse hoofstad, gehuisves is.

In 'n skrywe wat op 6.3.1900 deur die sekretaris van die "Commissie Bewaking Krijgsgevangenen" (C.B.K.) aan die direksie van die N.Z.A.S.M. gerig is, blyk dit dat tot 1.2.1900 ongeveer 2 420 Britse krygsgevangenes in die kamp of Waterval gehuisves was. Op die Pretoriase renbaan was 107 ondergebring, in die Staatsmodelskoolgebou was 100 offisiere en in die Pretoriase tronk nog ongeveer 36, waaronder 20 bediendes in gevangenisskap. Altesame was daar dus, op die reeds genoemde tydstip, ongeveer 2 663 Britse krygsgevangenes in en naby Pretoria.

Met betrekking tot dié offisiere wat in die Staatsmodelskoolgebou in krygsgevangeskap vertoeft het, is op 20.12.1899 die volgende opgaaf in "De Volkstem" gepubliseer:

**Staf: Maj. Adye.**

*18 Hussars*: Lt.-kol. Moller, maj. Greville, kapt. Pollock.

*Royal Artillery*: Maj. Bryant, Lte. Wheeler, Nugent, Moore, Webb.

*1 Gloucester Regt.*: Majj. Humphrey, Capel Cure, Wallace; kaptt. Duncan, Connor, Nisbet, Davy, Breul, Knox, Temple, Radice, Ingram, Short, Brasely, MacKenzie, Smith; lt. Hill, kwartiermeester-adj. Gray.

*Royal Irish Fusiliers*: Lt.-kol. Carleton, maj. Nunn, kapt. Burrowes, lte. Heard, Southey, Phibbs, McGregor, Kelly, Kentish, Kinnahan,<sup>2</sup> Jeudwine.

*60 Kings Royal Rifles*: Lte. Majendra en Martin.

*Royal Dublin Fusiliers*: Kapt. Lonsdale, lte. Le Mesurier, Garvice, Grimshaw.

*Rhodesia Regt.*: Lt. Haserick.

*Gordon Highlanders*: Kapt. Haldane.

*Dublin Fusiliers*: Lt. Frankland.

*Natal Carbineers*: Lte. Brockie, Gallway.

*2 West Yorkshire Regt.*: Maj. Hobbs.

*Northumberland Fusiliers*: Maj. Sturgess, kaptt. Fletcher, Morley, lte. Wake, Coulson.

*Dorset Regt.*: Lt. Radcliffe.

*Royal Irish Rifles*: Kapt. Weir, lte. Christie, Rodney, Maynard, Barnardiston.

*Devonshire Regt.*: Lt.-kol. Bullock; maj. Walters; lt. Smythe-Osbourne.

*Essex Regt.*: Lt. Bonham.

*Royal Artillery*: Maj. Forster; ltd. Bailward; lte. Holford, Buller, Berch.

*21 Scotch Fusiliers*: Kapt. Dick, Northey; lte. Christian, Rumbold, McConagher, Briggs.

*Connaught Rangers*: Lte. Ford-Hutchinson, Jones.

## Die opgaaf van Feb. 1900

Op 12.2.1900 het dr. Jan Willem Boudewijn Gunning (Hilversum, Nederland, 23.6.1860. Pretoria 23.6.1913<sup>3</sup>) 'n lys van offisiere opgestel waarin, behalwe die reeds genoemdes, nog die volgende vermeld is:

*1 Gloucester Regt.*: Ltd. Bryant.

*Royal Irish Fusiliers*: Ltd. Holmes.

*Army Vet. Dept.*: Lt. Shaw.

*Cape Police*: Insp. Blythe, Onderinsp. Genlland.

*Royal Artillery*: Lt.-kol. Hunt.

*S.A. Light Horse*: Kapt. Fitzherbert.

*12 Lancers*: Lt. Tristan.

*Coldstream Guards*: Lte. Chandos, Pole-Gill.

*1 Suffolk Regt.*: Kaptt. Thomson, Brett.

*6 Dragon Guards*: Lt. Till.

*1 Suffolk Regt.*: Kapt. Grenfell, Lt. Wood Martin.

*Royal Storse Guards*: Kapt. Ricardo.

*2 Lancashire Regt.*: Kapt. Freeth.

*4 Kings Own*: Kapt. Carleton.

In 'n aanyvullende lys, van dieselfde datum, vermeld dr. Gunning die volgende offisiere wat uit die hospitaal ontslaan is:

*60 Rifles*: Maj. O. Nugent, Lt. F.M. Crum.

*Lancashire Fusiliers*: Kapt. Elmslie.

Nog in die hospitaal:

*Lancashire Fusiliers*: Lt.-kol. Blomfield.

*60 Rifles*: Lt. Carbery.

*S.A. Light Horse*: Lt. Tarbott.

*Staf*: Maj. Adye.

*1 Gloucester Regt.*: Maj. Capel Cure.

Op bogenoemde lys kom tewens die name van die volgende lyfbediendes van die Britse offisiere in die Staatsmodelskoolgebou op 12.2.1900 voor: 3094 Bones (*Royal Irish Rifles*), 7705 Bilcliffe (*60 Rifles*), 5628 Caffery (*Royal Irish Fusiliers*), 4094 McCanner (idem), 7613 Clough (*60 Rifles*), 3946 Cousins (1 Gloucester Regt.), 6120 Cullen (*Royal Dublin Fusiliers*), 4321 Davies (*Royal Irish Fusiliers*), 2017 Goslin (*5 Fusiliers*), 5250 Harris (*Royal Dublin Fusiliers*), 5506 Johnston (*Royal Artillery*), 1811 Middleton (1 Gloucester Regt.), 4125 Millgate (18 Hussars), 3486 Osborne (*Royal Artillery*), 4549 Padwich (?) (18 Hussars), 4342 Scougall (?) *Royal Irish Fusiliers*), 4058 Shuttock (1 Gloucester Regt.), 4523 Vines (1 Gloucester Regt.), 4290 Warren (*Suffolk Regt.*), 4531 Whitton (*Royal Irish Fusiliers*).

### **Die nadraai van die ontvlugting van die offisiere**

Die Staatsmodelskoolgebou het sy roem gedeeltelik te danke aan die geslaagde ontsnapping van die toenmalige Britse oorlogskorrespondent Winston S. Churchill.<sup>5</sup> Daar was ewewel nog 'n tweede poging wat in dieselfde verband onderneem is en wat, in die loop van die jare, grotendeels in die vergeetboek geraak het.

Kapt. Haldane (*Gordon Highlanders*) en lte. Brockie (*Natal Carbineers*) en Le Mesurier (*Royal Dublin Fusiliers*) het in Februarie 1900, volgens sommige bronne altans, 'n ontsnapping à la Churchill beplan.<sup>6</sup>

Gerugte het in die Staatsmodelskoolgebou deurgebring dat die gevangenes binne afsienbare tyd na die nuwe kamp op die terrein van die huidige Dieretuyn oorgebring sou word. Hierdie kamp, wat deur die Departement van Openbare Werke ingerig was, was op 7.2.1900 voltooi.<sup>7</sup>

Op 26 Februarie 1900 het die elektriese ligte van die Staatsmodelskoolgebou en die aangrensende terrein doodgegaan en, nadat die krygsgevangenes getel is, is vasgestel dat drie van hulle verdwyn het. Hulle, die reeds genoemde offisiere, het nie uit die kamp verdwyn nie, maar skuiling gesoek onder die vloer van die gebou. Daar het hulle, voorsien van kos, tot na die ontruiming van die Staatsmodelskoolgebou, gebly en op 13.3.1900 die hasepad gekies.

Die regering het 'n kommissie van ondersoek aangestel, maar niemand kon daarin slaag om die vraagstuk op te los nie.<sup>8</sup> Verklarings van Inspekteur van Polisie F. Leffers, kampkommandant Rudolf Willem Jacobus Opperman en wagte Petrus Nicolaas Booysen, Theunis Johannes Kruger, Michael Frederik Thom, Nicolaas Jacobus van der Merwe, Jan Adriaan Erasmus, Hendrik Willem Johannes Visagie, Johannes Henderikus Schoeman, Gerhardus Johannes Erasmus en Abel Parker dui almal in een en dieselfde rigting. t.w. die vermoede dat die drie gevangenes, op die tydstip toe die

verligting van die gebou en die terrein gefaal het, naby die latrines (aan die oostekant van die terrein) oor die heining geklim en verdwyn het. Die feit dat 'n kassie tussen die latrines en die heining gevind is, het hierdie indruk versterk.

Op 15.3.1900 het die waarnemende hoofspeurder aan die Hoof Speurpolisie gerapporteer dat hy verskeie huise in die omgewing van die skool ondersoek het. In die skool is niets gevind nie en pogings om die voortvlugtiges op te spoor was vrugtelos. Speurder Donovan is, aan die begin van Maart, tussen die wagte geplaas maar ook hierdie poging om die geheim te ontrafel het misluk. Daar was nl. 'n vermoede dat een of meer van die wagte sou omgekoop gewees het, maar niets kon bewys word nie.

Die voortvlugtiges het daarin geslaag om by Komatipoort oor die grens te kom en later het verskillende skrywers hul sienings van die ontsnapping geopenbaar.

### **Militêre hospitale**

Daar is melding gemaak van Britse offisiere wat hulle, ten tye van die opstel van presensielyste, in 'n hospitaal bevind het. Met hierdie hospitaal is die gebou langsaaں die Staatsmodelskoolgebou, bekend as Bourke se hospitaal, bedoel.

Oorspronklik was dit 'n onderwysinrigting, bekend as die "Prospect Seminary", later het die gebou as een van die Staatstehuise, onderdak verskaf aan leerlinge van Pretoriase Staatskole. As Bourke se hospitaal is dieselfde gebou gebruik as 'n militêre verpleeginrigting vir gewonde en siek diensdoende burgers en Britse offisiere.

### **Britse militêre hospitale**

Ten einde die leser 'n mate van gegewens te verstrek aangaande Britse militêre hospitale op Pretoria, volg hier 'n aantal besonderhede onderskeidelik ontleen aan die werke van Batts, Amery en die verslag van die Sentrale Britse Rooikruis. Batts noem die reeds bestaande Volkshospitaal, die gebou van die Staatsmeisieskool, die reeds bestaande George Bourke-hospitaal en die woonhuis van T.W. Beckett, in Arcadia.

Die Volkshospitaal sowel as die Bourke-hospitaal is deur die Britse militêre outhouers oorgeneem. Die "Irish Hospital" het op 6.6.1900 op Pretoria aangekom en het op 14.6.1900 sy intrek in die pas voltooide Paleis van Justisie geneem. Lord Roberts het die formele opening van hierdie militêre hospitaal op 11.7.1900 verrig, nadat die eerste 83 pasiënte op 19.6.1900 opgeneem is. Op 25.6.1900 was daar 260, op 10.7.1900 365 en op 26.7.1900 500 beddens. 'n Deel van hierdie hospitaal, wat aanvanklik op Bloemfontein agtergebleef het, het op 1.7.1900 per trein in die Transvaalse hoofstad aangekom.

Op 15.10.1900 het die personeel van hierdie hospitaal, wat deur lord Iveagh gestig was, na Engeland teruggekeer. Die 180 pasiënte is onder beheer van die militêre mediese owerhede geplaas. Muile, waens en tente is aan die Regering verkoop, terwyl die beddens en hospitaaltoerusting aan die Regering geskenk en in die Paleis van Justisie agtergelaat is.

Die reeds genoemde hospitaal in die woning van T.W. Beckett was een van die hospitale van die "Imperial Yeomanry Hospitals"-groep wat sy ontstaan aan die werksaamhede van 'n aantal belangstellendes in Engeland te danke gehad het.<sup>10</sup> 'n Takhospitaal is op 18.8.1900 te Pretoria geopen.

Die "Langman"-hospitaal was vernoem na mn. Langman, die destydse ere-penningmeester van die "Portland Hospital". In April 1900 was hierdie hospitaal te Bloemfontein gevestig om in Augustus 1900 op Pretoria aan te kom. In Arcadia het hierdie eenheid, wat in November 1900 aan die Regering oorgedra is, onder leiding van kapt. Probyn, R.A.M.C. gestaan.

Die "Welsh Hospital", wat op 'n vrywillige grondslag in Engeland tot stand gekom en oor 100 beddens beskik het, het in Augustus 1900 in Pretoria aangekom met 200 beddens en is tot 15.11.1900 as 'n private hospitaal toegevoeg aan 2 Algemene (Militêre) Hospitaal en aan die Regering geskenk.

In totaal was daar 'n hospitaalpersoneel van 144 werksaam te Pretoria, terwyl die aantal pasiënte van 18.8.1900 – 30.9.1901 5 227 bedra het.

Met betrekking tot bogenoemde werksaamhede en die lê van die grondslae vir 'n deeglike organisasie het 'n Pretoriase kommissie, onder leiding van mnre. Murray Guthrie en Leigh Wood, belangrike aanvoerwerk verrig. Hulle het o.m. steun en medewerking van die firma Lewis en Marks, en vooraanstaande Pretorianers soos mnre. T.W. Beckett, Bourke, George Heys en A. Johnston verkry.

#### AANTEKENINGE

1. SS.2564 (Oorlog), waarin genoemde skrywe.
2. SS.2257 (Oorlog), waarin C.B.K. 235/1900, d.d. 12 Feb. 1900. Kinaham; lt. Barnardston (Suffolk Regt.), lt. Butler.
3. SS.2257 (Oorlog), waarin C.B.K. 235/1900, d.d. 12.2.1900; Sterftekennis nr. 22504. Dr. G. het later bekendheid verwerf as kurator van die museum en dieretuyn van Pretoria. Tydens die A.B.O. was hy o.m. sekretaris van die C.B.K.
4. SS.2257 (Oorlog), waarin C.B.K. 235/1900, d.d. 12.2.1900. Die volgende siviele gevangenes het ook onderdak in dieselfde gebou gevind: Ds. Adriaan Hofmeyr, van Wynberg; magistraat Hilliard, magistraat E. Hignett (Zoeloeland). Oor ds. A. Hofmeyr o.m. "De Volkstem", 11.7.1899, 7.7.1899, 18.7.1899; "De Pers", 25.7.1899. Foto in "Black and White Budget", 9.6.1900, p. 317.

5. Sonder om hierdie feit te wil verkleineer, bly dit allereers 'n monument van die vooruitsiende beleid van die destydse Transvaalse owerhede om die peil van die destydse onderwys en onderwysersopleiding tot feitlik ongekende hoogtes op te stoot.
6. Sien o.m. Rosslyn, p. 337. Ook A. Hofmeyr, pp. 221 e.a.
7. SS.2564 (Oorlog), waarin Sekr. C.B.K.-Staatsekr. Pretoria, 7.2.1900 (uitnodiging om barakke te besigtig). Soortgelyke briewe is gerig aan die Hoof D.O.W. (S. Wierda), drr. P. Veale en M.S. Lingbeek. Tewens: "The Pretoria News", 13.5.1955.
8. SS.2258 (Oorlog), waarin kommissieverslag onder C.B.K. 627/1900, Sekr.: C. Leenhof.
9. Tans die gebou van die Ontvanger van Inkomste, aan die noordekant van die Staatsmodelskool.
10. Gestig deur Lady Cresham en Lady Georgina Curzon.
11. H.J. Baats: Pretoria from within during the war 1899–1900. London, s.j. pp. 193–194; Amery, p. 534.

# GEBEURTENISSE IN EN OM WONINGS VAN WELEER

(deur Johanna van Broekhuizen)

Die huise wat vandag vir die nageslag bewaar word as museums en dié wat alreeds afgebreek is, maar wat mens jou nog herinner uit jou kinderdae, was wonings waar families hul eie gebruikte gehad het, en waar interessante gebeurtenisse plaasgevind het.

My ouers, Herman Dirk van Broekhuizen en Elsie Francina van Broekhuizen, gebore Eloff, en my oom Fanie Eloff, die beeldhouer, asook 'n huisvriend gedurende ons sewejarige verblyf in Holland voor die tweede wêreldoorlog, Dr. W.J. Leyds, gewese Staatssekretaris van die Z.A.R., het my heelwat uit die oudae vertel. En ek het ook sommige van die latere gebeurtenisse meegemaak.

Omdat dit deel uitmaak van die erfgoed van ons volk, deel ek u graag een en ander mee uit die skat van hul en my herinneringe.

## 1. Die Krugerhuis

In die woning van my oupa- en oumagrootjie, Paul en Gezina Kruger, was die huishouding al vóór dagbreek in rep en roer, want die President het klokslag vyfuur opgestaan. En sodra hy klaar aangetrek was het hy boekegevat. Die familie, gaste, die huishoudster, die koetsier – in kort, al die huisgenote – moes teenwoordig wees. Selfs die twee wagte wat voor die hekkie gestaan het, moes op die stoep voor die oop deur kom staan, sodat hulle ook die skriflesing kon hoor.

Al die huisgenote moes kant en klaar aangetrek wees vir hul dagtaak, die vroue met hul hoede op! Want daar staan immers in die Heilige Skrif, dat vroue nie met onbedekte hoofde 'n godsdiensoefening mag bywoon nie. Vir die kleindogters van die President, my moeder en haar susters, wat die modieuze pannekoekhoedjies op hul netjiese gekapte hofies gedra het, was dit 'n hele onderneming om betyds klaar te kom, wanneer hulle by hul oupa en ouma gekuier het.




Poskaart: Den Deutschen Siegern Heil. Nebst Gott verdanken wir euch der Welt Freiheit. Segne Er euch vom Himmel.

Hoe besig hy ookal mog wees, elke oggend het Paul Kruger 'n kort stukkie uit die Bybel vir sy huisgenote voorgelees. En van hulle het hy verwag: dat nikс hulle moes weerhou om na die skriflesing te kom luister nie. Daar was slegs twee uitsonderings op dié reël, sy geliefde eggenote, toe haar gesondheid versleg het, en mense wat 'n ander godsdienstige oortuiging toegedaan was. Dr. Leyds het ons verseker dat Paul Kruger oortuigingsverskille gerespekteer het.

Die Bybel was die President se rigsnoer, en hy het dit beter geken as baie predikante, daarvan het beide Ds. Los en my vader getuig, nadat hulle beurtelings, gedurende sy ballingskap, kapelaan van sy huishouding was. My vader het my ook vertel: dat Paul Kruger hom soms met 'n heel oorspronklike uitleg van Bybeltekse verras het.

Dat hy veel wysheid uit die Bybel geput het, bewys die Salomoniese oplossings wat hy vir sy mense se probleme gevind het.

Toe twee broers hom kom raadpleeg het, oor die verdeling van hul erfgrond, het hy eers op karakteristieke wyse die probleem bepeins en toe uitspraak gegee: "Die oudste moet die grond verdeel en die jongste moet kies."



President S.J.P. Kruger

'n Blanke koetsier in sy diens – ek dink sy naam was Jan – het herhaaldelik die Here se naam ydelik gebruik. Toe die President eenkeer alleen in sy landau gery het, met Jan op die bok, het hy ineens hard uitgeroep: "Jan!" – "Ja, President?" Stilte. Toe die President 'n derde keer "Jan!" bulder, kon Jan sy ongeduld nie langer verberg nie: "President roep my dan die hele tyd, sonder dat President iets vir my te sê het!" – Rustig kom die antwoord vanuit die landau agter Jan: "So roep jy die naam van die Here die hele tyd, Jan, sonder dat jy iets vir die Here te sê het." Dit was die laaste keer dat Jan die Here se naam ydelik gebruik het.

Daar was ook pret in die Krugerhuis. Die hoof van die huis het baie van 'n grappie gehou.

Sy oorsese reise het hom op die hoogte gebring van buitelandse gebruikte in hoë kringe. Soms het hy met sy vrou gekorswel, deur speels haar hand aan sy lippe te bring en haar te vra: "How are you, madam?" – "Ag Paul!" het sy dan gesê en haar hand laggend teruggetrek.

Kort na die installering van elektrisiteit in die Krugerhuis, het Paul Kruger 'n bekende poetsbakker die loef afgesteek. Hy het hom nl. gevra om die lig uit te blaas. Die man het geblaas en geblaas, vanselfsprekend sonder sukses. Vanwaar hy langs die deur gestaan het, met sy hand agter sy rug teen die skakelaar, het S H Edele net één blaas gegee . . . en die lig was uit! Voor die gas van sy verbassing kon bekom, het sy gasheer die lig weer aangeblaas! Daarna het hy sy gas self dié wonder laat verrig . . . selfs sonder om te blaas.

Sulke goede grappies het verligting gebring in 'n lewe swaar belas met verantwoordelikheid.

Paul Kruger het nooit na skinderpraatjies geluister nie. Toe een van sy ondersteuners, bedag op gunsbedeling, die opposisiekandidaat vir die Presidentskap, Kommandant-generaal Piet Joubert, wou beskinder, is hy bars deur sy staatshoof tot orde geroep: "Ek wil niks teen my kommandant-generaal hoor nie!"

Wat min mense weet, is dat Paul Kruger swart opperhoofde in sy huis ontvang het soos hoofde van state, dus as sy kollegas. Dit het my moeder my vertel.

President S.J.P. Kruger

